MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

22 April 2021

**OB 10 - Kwartaalbrief: April 2021**

Beste Ouers

Die eerste kwartaal van 2021 is agter die rug. Ek is trots op ons leerders wat oor die algemeen weer uitstekende samewerking gegee het gedurende die kwartaal. Alhoewel die skool vanjaar later sluit as gewoonlik, moet ons in ag neem dat die skool ook later heropen het.

Die Departement van Basiese Onderwys voer tans gesprekke t.o.v. die amptelike heropening van skole vir alle laerskoolleerders. Ek hoop van harte dat ons – met die nodige maatreëls t.o.v. *screening*, maskers en sanitering – die skool kan heropen. Ek sal u op hoogte hou van enige veranderinge, maak daarom asb. seker dat u kind se klasonderwyser die regte selfoonnommer het vir die *WhatsApp*-groepe. Ons versprei wel 'n kalender na u, sou ons noodgedwonge moet voortgaan met afwisselende onderrig in 2 groepe, indien die Covid-19 regulasies t.o.v. 1m sosiale distansiëring steeds nie verander het nie.

## Akademie

***Grondslagfase:*** *me. Marga den Engelsman*

Op 15 Februarie 2021 het die eerste kwartaal amptelik begin vir die leerders. Maandag en Dinsdag was dit 'n opgewondenheid van almal wat teruggekeer het skool toe. Ons het die Gr. 1-leerders en ouers verwelkom in die saal en daarna het hulle skooldag begin. Almal het so gou ingeskakel en sommer gou aangepas by die nuwe skool. Hulle is nou al ware Monties!
Die onderwyseresse het heelwat webinare bygewoon om op hoogte te bly van die nuutste ontwikkelinge.
Die Gr. 1 ouers het 'n Inligtingsaand bygewoon op Woensdag, 24 Februarie 2021. Belangrike inligting is met die ouers gedeel.
Gr. 1 se 2022 ouers het 'n Ope-aand bygewoon. Belangrike skoolsake en algemene inligting is met hulle gedeel. Ons sien uit daarna om julle in 2022 te ontvang in Montieland.
Om iets lekkers met die leerders te doen, het ons besluit dat die Grondslagfase (en onderwyseresse) op 4 en 5 Maart met 'n hoed/versiering mag skool toe kom. Op 15 en 16 April was dit weer "funky feet". Dit was heerlike dae vol lag en pret.
Dit was hierdie jaar die Grondslagfase se beurt om die bussieprojek te doen. Baie dankie aan almal wat hulle bussies vol gemaak het en selfs 'n 2e, 3e of 4e bussie kom haal het. Ons sal vir julle laat weet hoeveel geld ons ingesamel het, wie die pryswenners was en wat ons van die geld gekoop het.
Die boeke is huis toe sodat die ouers kon sien hoe hard ons in die klasse werk. Boekkontrole en moderering van assesseringstake is gedoen deur die departementshoof.
Ons het hierdie kwartaal heelwat proefstudente of assistente wat vir ons help in die Grondslagfase. Baie dankie vir elkeen van julle se hulp.

***Intermediêre en Seniorfase:*** *me^e Olivier en Stemmet*
*Opgestel deur me. Strauss*

Die Monties kon hul 2021-skooljaar eers in die middel van Februarie afskop. Leerders is weer in twee groepe verdeel om aan die Covid regulasies te voldoen. Hulle het elke tweede dag skool bygewoon. Daar is dadelik volstoom aan die werk gespring.
Na 'n meningspeiling is daar besluit dat leerders voortgaan om elke tweede dag skool by te woon. Die graad 7-lokale is groot genoeg sodat al die graad 7's kon terugkeer skool toe.
Die Algemene Inligtingsaand was hierdie jaar slegs vir graad 4-ouers gehou. Die ander grade se ouers het die nodige inligting in 'n omsendbrief ontvang. Ons vertrou dat u almal volgende jaar weer die aand kan bywoon.
Die Monties het reeds die eerste rondte SA Wiskunde Uitdaging (AMESA) voltooi. Volgende kwartaal word die volgende rondtes afgeneem.
Om hard en getrou te werk open deure vir môre. Dankie aan elke ouer en voog wat in moeilike tye steeds hul kinders ondersteun en aanmoedig. Ons besef dit stel hoë eise aan u, maar saam help u om deure vir u kind oop te maak.
Die assesserings het goed afgeloop. Die Monties het hard gewerk en hul beste gelewer. Daar is sommige leerders wat nie aan die vereistes voldoen het nie en ons doen 'n beroep op u as ouer/voog om asseblief 'n afspraak te maak dat ons kan gesels oor die pad vorentoe.
Erkenning sal volgende kwartaal aan leerders gegee word wat akademies presteer het. Leeders moet aanhou om met ywer te werk, want daar word positiewe punte aan leerders gegee wat akademiese vordering toon.

**Biblioteek**: *me. Marlene Brits*

Ons kon gedurende hierdie kwartaal weer aan ons leerders die geleenheid gee om boeke uit te neem. Die opgewondenheid was groot onder die meeste van ons leerders. Ons het 'n hele klompie nuwe boeke aangekoop, wat beslis byval sal vind. Ons is dankbaar dat ons 'n biblioteek het waarop ons trots kan wees en glo ons leerders sal in die volgende kwartaal weer na hartelus boeke kan uitneem.

**Rekenaarklas**: *me. Marika Enslin*

"The great growling engine of change – technology." – Alvin Toffler

Dit is 'n feit dat tegnologie daagliks teen só 'n snel pas verander en groei. Daarom is dit vir ons belangrik om ons leerders die geleentheid te gee om van hierdie vaardighede aan te leer.

Gedurende hierdie kwartaal is daar gewoeker in die rekenaarklas. Gr.1 tot 7-leerders het die geleentheid gekry om rekenaargeletterdheid te doen en het onderwerpe aangepak soos grafiese programme, muis- en tikvaardighede. Die gr.6- en 7-leerders het in Paint 3D die 3-dimensionele wêreld ontdek en modelle gebou.

Verder is die rekenaarklas gebruik deur alle gr.3 tot 6-leerders om die Greenshoots Wiskunde program te gebruik. Leerders het hierdie 'ander manier' van wiskunde oefen ook baie geniet. Leerders word ook aangemoedig om hierdie program by die huis te gebruik om bv. hulle tafels en hoofreken te oefen.

Daar is ook 'n projek vanaf die WKOD geloods om leerders te motiveer om in hulleself te glo en te groei – "Growth Mindset". Gr.4 tot 7-leerders wat reeds hierdie lesse in die rekenaarklas meegemaak het, het dit baie geniet en verreikend gevind.

## **Leerders:** *me. Maryn Stemmet*

Die jaar 2021 het heelwat anders begin as wat ons graag sou wou hê, maar ons gaan voluit voort. Ons skool se getalle staan tans op 378.
Soos u reeds weet, is die prefekte vir 2021 reeds verlede jaar aangewys en het hul ook toe reeds hul oriëntering deurloop. Die prefekte vir 2021 is: Jacobus Beukes, Sergio Burger, Mia Dettbarn, Meeke Esterhuyse, Lena Joubert, Janae le Roux, Emma Olivier, Ruby-Rose O'Shea, Nell Smit, Juan Southey, RW van Deventer en Manique Victor.

Die volgende taakgroepe is ook aan die begin van die jaar aangewys:

| **TAAKGROEPE 2021** | | |
|---|---|---|
| **Redaksie (Me Morkel en Me Enslin)** | **Sport (Mnr. Strauss)** | **Kultuur (Me Zachariasse)** |
| Meeke Esterhuyse | Manique Victor | Anja Wolfaardt |
| Emma Olivier | Angela de Koker | Lané Venter |
| Janae le Roux | RW van Deventer | Juan Southey |
| Juané Burger | Clayton Opperman | Sergio Burger |
| Lena Joubert | Ethan le Roux | Joël Gordon |
| Tasneem Steyn | Willie-Pieter du Plessis | Jadelyn van Wyk |
| Ruby-Rose O'Shea | Regardt Krause | Ashanti de Bruyn |
| Nell Smit | Euwaycia Eyberg | Ehrin Fortuin |
| Josh Landsman | William Rall | |
| Jacobus Beukes | | |

## ***Landsdiens:*** *me. Li-Anne Hagen*

Aangesien daar nog geen kampe mag plaasvind nie, het Landsdiens Wes-Kaap goedgedink om 'n aanlyn kamp te hou.
Landsdiens het hulle eerste aanlynkamp gehad 12-14 Maart. Alles geskiet via *Whatsapp*. Alle leerders wat dit bywoon, word op 'n groep gevoeg. Alle aktiwiteite ens. word dan op hierdie groep deurgegee. Leerders stuur foto's en video's van hoe hulle die opdragte uitvoer.
Landsdiens ledegelde van R100 per persoon is betaalbaar by Me. A. Wigmore. Daar is nie 'n sluitingsdatum hierdie jaar daarvoor nie. Leerders kan regdeur die jaar aansluit. Ons sien uit daarna om hopelik binnekort weer kampe te mag bywoon.

'n Welverdiende vakansie word elke Montie toegewens.

## **Fisies:** *mnr$^{e}$. J. Krüger en L. Strauss*

U weet dat daar die afgelope kwartaal instandhoudingswerk by die skool gedoen is deur die WKOD. Die volgende werk is reeds grotendeels afgehandel: kleedkamers en saal se dakke is vervang met nuwe dakplate; die kleedkamers is nuut uitgeverf en alle krane en toilette nagegaan; kleiner herstelwerk is ook hier gedoen. 'n Waterbesparingstelsel is geïnstalleer, wat die vloei van water na die kleedkamers afskakel indien daar geen beweging binne is nie en aanskakel sodra iemand die kleedkamers binnekom. Die vloei van water na die skool word ook afgeskakel buite die aktiewe tye by die skool. Alle ligte en ligskakelaars is vervang. Veiligheidsligte buite die skool is geïnstalleer. Daar is nog verskeie ander werk wat gedoen moet word. Die kontrakteurs is steeds besig daarmee.

Ons steunpersoneel werk steeds baie hard om die skool skoon en netjies te hou, asook om die terrein in stand te hou. Elke middag word die lokale gesaniteer. Hulle werk hard; ons het min personeel in hierdie afdeling en hulle doen werklik hul bes. Mnr Pietie Filander (opsigter), was die

afgelope kwartaal baie aande en naweke by die skool, sodat die kontrakteurs kon werk. Heelwat van hul werk kon hulle net doen wanneer die leerders nie meer in die skool was nie.

**Sport**: *mnr. Louwtjie Strauss*

***Atletiek:*** *me. Maryn Stemmet*
**KLEURE-ATLETIEK 2021**

Baie dankie aan die atlete wat deelgeneem het dié jaar.

Die prestasie vir die beste dogtersatleet in die grondslagfase is verower deur Amy Fluks. Die beste seunsatleet in die grondslagfase is verower deur Viljoen Conradie. Die junior Victor Ludorum is deur Jenö Jacobs verower. Die junior Victrix Ludorum is deur Layla Vorster verower. Vir die seniors het Raydon Williams die Victor- en Corli Gous die Victrix Ludorum verower. Manique Victor verower die beker vir die beste prestasie tydens die byeenkoms.

Rekords tydens die kleure-atletiek:

| | | | |
|---|---|---|---|
| S12 | Diskusgooi | Zaun Marthinus | 28,74m |
| S12 | Gewigstoot | Zaun Marthinus | 11,20m |
| S13 | Diskusgooi | RW van Deventer | 35,82m |
| S12 | 150m Hekkies | Raydon Williams | 23,98s |
| S12 | 75m Hekkies | Raydon Williams | 13,35s |
| S12 | Hoogspring | Raydon Williams | 1,40m |
| S7 | 80m | Viljoen Conradie | 14,02s |
| D8 | 80m | Amy Fluks | 13,82s |
| D8 | 60m | Amy Fluks | 10,20s |
| S10 | 80m | Jenö Jacobs | 11,65s |
| S11 | Gewigstoot | Zack Roos | 11,13m |

Baie geluk aan dié spog-prestasies. Tans weet ons nog nie presies of daar verdere byeenkomste later in die jaar gaan wees nie. Laerskool Montagu gaan wel op 22 Oktober 2021 aan Laerskool Bredasdorp se Top 10 Atletiekbyeenkoms deelneem.

***Tennis:*** *me. Li-Anne Hagen*
Die tennis het afgeskop op 22 Februarie 2021. Die leerders is per uitnodiging genooi om te kom uitspeel vir die skoolspan. As gevolg van COVID-19 bestaan die skoolspan hierdie jaar uit slegs 4 seuns en 4 dogters.

Ons het slegs 2 wedstryde gespeel hierdie kwartaal. Ons het op 18 Maart teen die Koo gespeel. Die leerders het dit baie geniet om weer op die baan te kan wees en wedstryde te speel. Ons tweede wedstryd was op 30 Maart teen Robertson.

Ons sien uit na die volgende tennisseisoen wat in die vierde kwartaal is.

***Hokkie:*** *me. Eileen Olivier*
Ons het in April met die eerste seisoen van hokkie by Laerskool Montagu begin. Daar word hard gewerk om die nodige vaardighede aan te leer wat nodig is om die sport voluit te kan speel. Ons het tans ongeveer 40 spelers van graad 1 tot 7 wat elke Maandag en Woensdag na skool oefen. Ons het reeds 'n baie suksesvolle kursus by Hoërskool Robertson bygewoon om ons vaardighede in te skerp. Ons hoop om volgende kwartaal nog baie maats by te kry wat saam met ons wil

kom hokkie speel. Baie dankie aan ons ouers wat help met afrigting, waar me[e]. Elizma Meyer en Carla Joubert die voortou neem.

***Netbal:*** *me. Madelene Victor*
Die dogters was baie opgewonde om weer te kon begin met netbal. Elke Dinsdag en Donderdag het 0/7 tot 0/13 dogters kom oefen onder leiding van goeie, gemotiveerde afrigters. Ons fokus om vaardighede te slyp na 'n jaar van geen netbal.

Die o/11, o/12 en o/13 dogters het aan dorpsproewe deelgeneem teen W.A. Rossouw op Dinsdag, 20 April.

Die volgende netbalspelers het aan die Montagu dorpsproewe deelgeneem en is gekies om deel te neem aan die Langebergproewe:

| o/11 | o/12 | o/13 |
|---|---|---|
| Emma-Louise van Zyl | Corli Gous | Meeke Esterhuyse |
| Lienka Joubert | Keisha Botha | Manique Victor |
| Rhonecia van Zyl | Jaime Johnson | Euwacia Eyberg |
| Aneisha Philander | | Ashanti de Bruin |
| | | Tasneem Steyn |

Ons sien uit na die netbalseisoen.

## Weerbaarheid

Die skool vorm deel van hierdie jaar se uitrol van 'n projek deur die WKOD, naamlik die ***Change Mindset*** projek. Die personeel het verlede Saterdag die eerste rondte opleiding ontvang en 'n komitee het nog 2 dae se opleiding wat voorlê. Ons het reeds begin met 'n basislyn vraelys vir die leerders, wat in die rekenaarsentrum gedoen word. Ons sal meer inligting op *Facebook* sit, kyk gerus daarna.

Ons jaartema vanjaar is *Deure na môre!* Die doel van ons jaartema is om op 'n weeklikse basis verskillende positiewe waardes en aksies voor te hou aan ons leerders. Sommige weke word daar gefokus op sport, akademie en kultuur. Ons deel weeklikse sertifikate uit aan leerders wat die week se tema op 'n besondere wyse uitgeleef het. Ons beskou hierdie waardegedrewe beginsels as baie belangrik vir ons skool en gemeenskap.

## Personeelsake: *me. Eileen Olivier*

Die Monties het hierdie kwartaal vir Mnr. Waldo Erasmus by ons skool verwelkom, ons sê baie welkom aan hom en hoop hy is sommer baie gelukkig in Montieland. Die personeel het gedurende die eerste kwartaal vele aanlyn kursusse en klusters bygewoon, hulle het ook op Saterdag, 17 April, saam met die Hoërskool opleiding ontvang in Transform to Perform (T2P) waar ons gefokus het op die houdings en waardes wat ons graag in ons skole wil sien. Ons wens al die onderwysers 'n heerlike ruskans tydens die vakansie toe.

## Bemarking: me. Madelene Victor

Eerste skooldag: Op 15 en 16 Februarie het ons splinternuwe Graad 1 Monties hul eerste skooldag gehad by Laerskool Montagu. Ons is saam met hulle baie opgewonde oor hul

skoolloopbaan wat hier by ons begin het. Nuwe leerders in ander grade het ook by ons aangesluit en ons verwelkom elkeen.

Opedag: Op 3 Maart, was ons jaarlikse Ope-aand vir toekomstige Graad 1 leerders. Ons het die ouers van Graad 1van 2022 verwelkom in ons skoolsaal en meer inligting gegee rakende Laerskool Montagu en ook skoolgereedheid.

Aansoeke 2022: Op 26 Februarie het skoolaansoeke vir 2022 geopen en dit het gesluit op 1 April. Ons het 'n gesonde hoeveelheid aansoeke ontvang. Die toelatingsproses word eersdaags begin. Ouers sal vanaf 24 Mei 2021, via die WKOD se aanlynstelsel kennis ontvang of hul kind plek het in Laerskool Montagu in 2022.

Hills 2021: Die Hills Challenge vind vanjaar plaas op 30 Oktober. Ons het reeds begin met die bemarking hiervan. Ons sien uit na hierdie hoogtepunt.

***Enkele belangrike datums vir u kalender – Kwartaal 2 van 2021***
*('n Opgedateerde kwartaalprogram word uitgestuur aan die begin van die 2e kwartaal. Daar is rugbydatums wat nog deur buite-instansies bevestig moet word.*

| | |
|---|---|
| 3 Mei | Skool heropen om 08h00<br>➢ **Let wel:** Kloktye bly onveranderd soos vir kwartaal 1<br>➢ Leerders dra winterdrag: wintersdrag word beskryf in die huiswerkboekie. |
| 4 Mei | Rugby- en netbaloefening begin |
| 5 Mei | Hokkie-oefening begin |
| 6 Mei | Langeberg netbalproewe o/11-o/13 Bonnievale |
| 10 Mei | Montie-Mall fondsinsameling begin |
| 11 Mei | Wynland-Noord netbalproewe WPS Worcester |
| 12 Mei | Ouerbesoeke |
| 13 Mei | Hemelvaart – skool gesluit |
| 22 Mei | Wynland Netbalproewe WPS Worcester |
| 4 Junie | Montie-Mall eindig |
| | |
| ➢ GF = Grondslagfase gr. 1-3; IF = Intersenfase gr. 4-7<br>➢ Sport = Rugby en netbal | |

Rapporte: Die rapporte vir hierdie kwartaal se formaat lyk anders as dié wat ons gewoonlik gebruik. Die Departement van Basiese Onderwys se puntestelsel is nie gereed nie. Ons administratiewe stelsel se rapporte word daarop gebaseer. Ons gebruik dus nie d6 rapporte nie. Dit is slegs die formaat wat verskil, die punteberekeninge is presies dieselfde.

Ek wens elkeen van ons leerders en personeel 'n vakansie toe waarin hulle so bietjie kan asemhaal en tot ruste kom. Indien u met vakansie gaan, geniet die paar dae saam met u kind/ers. Baie dankie vir almal se ondersteuning gedurende die kwartaal, midde frustrerende tye weens die invloed van Covid-19 op die skool.

Vriendelike groete

Jan Krüger
**Skoolhoof**

## Beheerliggaam Kwartaalbrief vir die eerste kwartaal van 2021

- U ontvang 'n laaste afskeidsbrief namens die vorige beheerliggaam. Kwartaal 2 se brief sal deur die nuwe beheerliggaam geskryf word.

22 April 2021

Beste Ouers

Ek het onlangs besef wat beteken die Engelse gesegde " From Hero to Zero", die afgelope 6 jaar as Voorsitter by Laerskool Montagu kan ek net met een woord opsom, ongelooflik!

Ek het die voorreg gehad om baie projekte saam met ongelooflike mense aan te pak en te voltooi.

Laerskool Montagu was vir baie jare soos in kind in ons huis, altyd daar en het altyd aandag nodig en ook baie liefde, maar dit was elke dag 'n voorreg.

Ons sit met 'n ongelooflike goeie span by die skool, ek is oortuig dat baie skole hulle oogtande sal gee vir ons personeel. Ons as ouers kon regtig bevoorreg wees om ons kinders in Montagu Laerskool te kan hê.

Die skool se bestuurspan onder Mnr. Krüger se leiding is ook 100% in beheer en suksesvol in wat hul doen.

Montagu se krag lê beslis in sy ouers en ek dink ons het goed daarin geslaag om altyd te probeer om ouerbetrokkenheid te verbeter, ek is oortuig dat The Hills Challenge 'n groot bydrae daarin gelewer het. Ons hele gedagte toe ons 5 jaar terug met 'n bier sit en gesels het en gesê het ons moet iets vir Laerskool Montagu doen wat 'n fondsinsameling kan wees maar meer belangrik, ons ouers en kinders kan betrek en daar het die Hills ontstaan. Die behoud is vir my nog meer belangrik.

So om 'n biertjie saam te drink is nie altyd 'n slegte ding nie, soms broei mooi dinge uit!

As ek enige raad kan gee aan die nuwe beheerliggaam is dit baie eenvoudig: net die drie dinge -

Respek, Vertroue en Eerlikheid met mekaar. Dit is seker maar sleutel woorde tot die sukses van baie dinge, maar ek glo beslis van enige beheerliggaam.

Ons het maar elkeen ons eie hoed op maar as ons in 'n vergadering ingegaan het, moet elkeen dieselfde hoed opsit, die een wat net die skool en al sy kinders se belange dra.

Ek wil dankie se aan almal met wie ek te doen gehad het in die tyd, is redelik baie te veel seker om almal op te noem, maar opreg dankie.

Ek wil dankie se aan die skool se span, al die personeel, hulp-personeel, assistente en Mnr. Krüger, dit was beslis 'n voorreg en eer.

Ek wens die nuwe span onder Pieter se leiding net die beste toe, en soos ek in ons oorgee vergadering gesê het, elkeen op die raad is as individu uitstekend en as hul saam staan en werk kan hul 'n ongelooflike beheerliggaam wees.

Dankie vir die geleentheid om 'n paar woorde uit die hart te kon deel, soos ek maar altyd sê kom ons kap maar net aan en doen ons beste!

Groete

Hannes Gous

Laerskool Montagu Beheerliggaam Voorsitter 2018-2021

# Fondsinsameling Kwartaal 2

# Montie-Mall 10 Mei – 4 Junie 2021

## #montiemagic

SINCE 1996
BELLAIR
MONTAGU

MONTIE MALL

**Lekker pryse om te wen!**

OLYFBERG
SOUTH AFRICA

MONTAGU FOODS



CAPEDRY™
CAPE DRIED FRUIT PACKERS

Montagu
TRUSTED QUALITY SNACKS

LOCARNO
DRIED FRUIT & NUTS
MONTAGU

Heerlike plaaslike produkte om te koop!